

Skriflesing: Efesiërs 2: 1-10; Jakobus 2: 14-26

Kategismus: **Sondag 24**

Teks: Efesiërs 2:8-10; Jakobus 2:14,17

Sing: Ps. 92: 2,3; Ps. 138:4; Ps. 25:1,5

Eph 2:1 En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes

Eph 2:2 waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,

Eph 2:3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.

Eph 2:4 Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,

Eph 2:5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—

Eph 2:6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,

Eph 2:7 sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.

Eph 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;

Eph 2:9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

Eph 2:10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

Jakobus 2:14-26

Jas 2:14 Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?

Jas 2:15 As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het,

Jas 2:16 en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit?

Jas 2:17 Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.

Jas 2:18 Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon.

Jas 2:19 Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.

Jas 2:20 Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?

Jas 2:21 Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie?

Jas 2:22 sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke?

Jas 2:23 En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem.

Jas 2:24 sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?

Jas 2:25 En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuurd het nie?

Jas 2:26 Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.

Sondag 24 Kategismus

62 Vraag: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem (a) en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (b).

(a) Gal 3:10; Deut 27:26; (b) Jes 64:6.

63 **Vraag:** Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?

Antwoord: Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee (a).

(a) Luk 17:10.

64 **Vraag:** Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie (a).

(a) Matt 7:18; Joh 15:5.

Skriflesing: Efesiërs 2: 1-10; Jakobus 2: 14-26

Kategismus: **Sondag 24**

Teks: Efesiërs 2:8-10; Jakobus 2:14,17

Sing: Ps. 92: 2,3; Ps. 138:4; Ps. 25:1,5

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Daar is mense wat sê dat Paulus en Jakobus praat nie uit een mond nie! Paulus sê *dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke* – Rom.3:28. U onthou seker die tema verse uit Romeine 1:17 *dat enkel en alleen die geloof 'n mens voor God regverdig maak.....die regverdige sal uit die geloof lewe*. In Efesiërs 2: 8-9 is dieselfde Paulus weer aan die woord. *Want uit genade is julle gered deur die geloof en dit nie uit julleself nie, dit is 'n gawe van God: nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie*. Nou kom Jakobus die seun van Josef en Maria, broer van Jesus Christus en hy sê iets wat 'n mens laat wonder. Die Jakobus-brief is waarskynlik die oudste boek in die hele Nuwe Testament. Hy is voor Paulus se briewe geskryf, hy kon dus nie vir Paulus misverstaan nie, want Paulus se briewe het toe nog nie bestaan nie. Het u mooi gehoor wat sê Jakobus – Vers 14 *Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Die geloof kan hom tog nie red nie?* Praat Paulus en Jakobus dan nie direk teen mekaar nie?

Een oomblik sê Paulus soos wat ons 'n vorige keer met die hofsaak uit Romeine gesien het dat enkel en alleen die geloof 'n mens voor God regverdig maak. In Romeine het ons gesien die mens is geheel en al sondig, hy kan homself hoegenaamd nie verdedig nie, daar is geen verweer nie, sy mond is gestop. Die Here wat as die alwetende Regter die mens skuldig bevind het, moet nou die mens vonnis. Die skuld is klaar bewys, die ewige dood blyk die enigste vonnis te wees. Dan kom die stem uit die hofsaal van Rome. Onskuldig, jou vonnis is die lewe....die ewige lewe! Omdat jy glo, sal jy lewe, jy is voor God geregverdig. Dit alles uit genade. Uit genade is julle gered! Die geloof is 'n gawe van God! Die geloof maak alles moontlik.

Hoe kan Jakobus nou sê *die geloof kan nie red nie!* Gemeente, dan breek die tyd aan wat ons die belydenis tussen-in moet lees. Ons belydenis bring Jakobus en Paulus bymekaar. Deur ons belydenis in Sondag 24 word ons by Paulus en Jakobus uitgebring, want beide Paulus en Jakobus is God se Woord. Die Here praat tog sekerlik nie teen Homself nie.

Nou moet u mooi lees wat staan in Jakobus, dan sien u die hele hoofstuk 2 is 'n geloofs-hoofstuk. Die samehang tussen hoofstuk 1 en 2 van Jakobus is dan ook enkel en alleen net die geloof. Die geloof is vir Jakobus net so belangrik soos vir Paulus, beide die gesante en skrywers van God, wat hulle geloof as gawe van God ontvang het. In vers 1 begin Jakobus te praat oor die geloof.....*laat die geloof nie wees met aanneming van die persoon nie.* Vers 14 van hoofstuk 2 is die begin van die tweede deel in die hoofstuk en dan praat hy weer oor die geloof. Geloof met goeie werke.

So kan ons die hoofstuk dan saamvat as – geloof sonder.....geloof met; geloof sonder die persoon....geloof met goeie werke. Geloof gaan nie oor die mens nie, oor sy prestasies of verdienste of geluk nie, maar geloof gaan saam met goeie werke! As ons belydenis praat van die geloof sonder die aansien van die mens dan word daar vir ons gevra, **Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid van God of 'n deel daarvan wees nie?** En die mens moet dan duidelik verstaan om iets voor God te verdien moet hy volmaak wees. God is volmaak, sy Wet is volmaak, God se werke is alles volmaak. Die mens moet dan ook heeltemal volmaak wees, sy werke moet volmaak wees, sy hele lewe moet volmaak wees. Wys my daardie mens?

Paulus kon dié mens nie opspoor nie, Jakobus óók nie. U onthou seker as die Here sy klagstaat in Romeine 3 afsluit ons belydenis dit dan eintlik baie sag stel **dat ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is.** Ons moet nie die geloof in die aansien van die mens soek nie. *My broeders, laat julle geloof nie wees met aanneming van die persoon nie.....*dan noem hy praktiese voorbeelde hoe ons mense op grond van aansien, geluk, rykdom en prestasie baie keer daarop uit is om mense te beoordeel en ons so ons geloof wil verdien. Geloof in die aansien van die mens, as ons verstaan hoe die mens is, **DAN KAN GELOOF NIE VERDIEN WORD NIE!** Jakobus praat heeltemal saam met Paulus, want God praat hier.

Wanneer ons belydenis weer praat dan vra ons – **Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en die toekomstige lewe wil beloon?** Gemeente, hier is dit waar ons Paulus en Jakobus moet saamlees om só die Here se Woord te verstaan. Ons het reeds daarop gewys dat Jakobus ook enkel en alleen net die geloof bedoel. Jakobus is glad nie in stryd met wat Paulus sê nie. **HULLE PRAAT UIT DIESELFDE MOND!** Al wat Jakobus doen, hy is besig om vir ons die geloof uit te brei. Enkel en alleen die geloof moet verfyn word. Jakobus maak 'n onderskeid tussen n lewende geloof en 'n dooie geloof. Geloof sonder werke is dood! Enkel en alleen die geloof moet verfyn word. Geloof met werke is lewendig! Ons doen nie goeie werke **sodat** ons sal glo nie. Ons doen goeie werke **omdat** ons alreeds glo. Ons geloof is lewendig, daarom werk ons. Lewe moet tog werk om lewe te wees.

Die vraag wat die goeie werke vir u en my wil vra is – hoe lyk jou geloof? Is jou geloof lewendig of dood. As jou geloof dood is, kan ons dit dan nog geloof noem? 'n Dooie perd is tog nie meer 'n perd nie! Is jou geloof lewendig, dan is ons belydenis – **dit is 'n beloning van God, uit genade alleen!** As Paulus van die redding uit geloof alleen praat dan veronderstel hy 'n lewende geloof, want Jakobus het voor hom alreeds die onderskeid tussen 'n dooie en 'n lewende geloof gelê. *Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, dan is dit in sigself dood. Maar niemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke en ek sal jou uit my werke my geloof toon.* En dan kom vers 20 – *Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is.* Jakobus gee dan ook voorbeelde uit die Ou Testament met Abraham, God se vriend, Ragab die hoer, hoe hulle beide se lewende geloof in hulle goeie werke voortbring het.

Ons belydenis wil dan afsluit voordat ons by God se lewende tekens, sy sakramente kan uitkom deur die lewende geloof 'n lewende boom te maak. In Psalm 1 lees ons van n boom wat by *waterstrome geplant is, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen voer hy voorspoedig uit.* Dan kom die Psalm ook al by die dooie geloof uit – *So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi.* So min as wat 'n mens kaf 'n boom kan noem, so min kan 'n mens 'n dooie geloof nog geloof noem. Daar is nie lewe in kaf nie, hoe kan geloof, geloof wees, as daar nie lewe in is nie.

Wanneer die Here Jesus in sy preek by die berg met die mense praat, dan is dit die mense se werke wat uitkom, want so sien ons hulle geloof. Matteus 7:16 e.v. *Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie. So dra elke*

goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. En dan sluit Jesus af soos Hy begin het – *So sal julle hulle dan aan hulle vrugte ken.* Ons geloof sal aan ons werke geken word.....lewendig of dood! Ons belydenis stel dit baie sterk – **Dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.**

As Jesus in die bergrede van die goeie boom praat wat alleen net goeie vrugte kan dra, dan is Hyself eintlik al die goeie boom. Ons moet in Jesus Christus ingeplant wees, om vrugte van dankbaarheid te dra. In Johannes 15 stel Jesus Hom dan ook as die boom voor as Hy na Homself as 'n wynstok verwys. *Ek is die ware wynstok en my Vader is die Landbouer. Elke loot wat in my nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon sodat dit meer vrug kan dra.* In vers 4 dan die duidelike opdrag – *Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.*

Geliefdes, dié geloof waarvan ons tot nou toe so baie gepraat het, dis dié geloof wat ons in Christus inbring. Dieselfde geloof is die geloof wat die vrugte van dankbaarheid uitbring. 'n Lewende geloof wat u in Christus inplant sal in u vrugte van dankbaarheid voortbring. Die geloof is en bly 'n gawe van God wat nie uit u werke voortgebring word nie, maar beslis aan u werke geken moet word.

Dis waar die tweeledigheid in Efesiërs 2 dan ook vandaan kom, geloof kom nie *uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie*, maar in vers 10 hoor ons ons *is in Christus Jesus geskape tot goeie werke, wat God voorberei het sodat ons daarin kan wandel.* As ons deur die geloof lewe wat 'n gawe van God is dan wandel ons in goeie werke wat die Here ook in ons voorberei het. Nou kan ons ons belydenis in Artikel 24 van die Nederlandse Geloofsbelydenis ook soveel beter verstaan dat juis ons goeie werke ons ook nog verder in die skuld voor God plaas en beslis nie 'n afbetaal of 'n vermindering van die skuld is wat ons reeds by die Here het nie.

In Artikel 24 sê ons belydenis dan ook volgens Galasiërs 5:6 dat dit nie 'n dooie geloof is nie, maar **juis 'n geloof wat deur die liefde werk wat tot dade oorgaan wat die mens**

beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het. Die Galasiër-hoofstuk sluit dan ook af om te wys watter vrugte van die Heilige Gees spesifiek bedoel word – *liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.*

Mag die geloof wat die Here in u lewe gegee het, dan ook tot daad in u lewe oorgaan. Mag daar vrugte wees. Dan sal Jesus eendag as Hy weer kom vir u sê – EK KEN JOU AAN JOU VRUGTE! Dan is dit onmoontlik om uitgewerp in die vuur gegooi te word, soos wat dit nou nog onmoontlik is om nie vrugte van dankbaarheid te dra nie as u deur 'n ware geloof in Christus geplant is om te lewe!

AMEN